VREDEKLOOF COMMUNITY IMPROVEMENT DISTRICT NPC
Reg. Nr. 2009/019665/08

Office Tel.: 021-981 3303
Email: manager@vredekloof.co.za

Minutes of the Annual General Meeting of the Vredekloof CID

AGENDA – 01 December 2025

1. Registration

   An attendance register was circulated and signed by all present.

2. Welcome & Apologies

   Jacques du Plessis, Voorsitter van die Raad van Direkteure van die Vredekloof CID, open die vergadering met skiflesing en gebed.

3. Membership

   There were 163 members in 2024.

   3.1. Resignations

   9 Members resigned, moved, or are deceased.

   3.2. New members

   There were 2 new members for 2025.

4. Quorum to constitute a meeting

   After the attendance register was signed, a quorum was confirmed.
   (40 people attended the meeting in person of which 23 were members + 11 proxies)

5. Previous AGM Minutes

   5.1. Approval

   Die Notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 2 Desember 2024 was deur die vergadering goedgekeur.

   5.2. Matters arising

   Daar is geen addisonele sake nie.

6. Chairperson's Report

   Jacques du Plessis het sy verslag aan die vergadering voorgelees. Sien aangeheg as "Chairperson's Report".

7. Feedback on operations 2024 – 2025

   This was done by way of a slideshow.

   Leon het aan die vergadering getoon hoe Vredekloof voor die ontstaan van die VCID gelyk het met ook ‘n oorsig van die jaar se bedrywighede. (Before and after photos).

8. Approval of the Annual Report for 2024 – 2025

   The Annual Report for 2024- 2025 was approved.

9. Noting of Audited Financial Statements 2024 – 2025

   Leon Brynard handled all the financial aspects and reminded all present that the Financial Statements and all other information are also available on the Vredekloof website at https://www.vredekloof.co.za/services/downloads-and-links. The financial statements were noted and accepted.

10. Budget

    10.1. Noting of additional surplus funds utilised in 2024/25 (approved by the Board)

    The additional surplus funds utilised in 2024/25 was approved.

    10.2. Approval of surplus funds utilisation for 2026/27

    The surplus funds utilised in 2026/27 was approved.

    10.3. Approval of the budget for 2026/27

    The proposed budget for 2026/27 was approved.

11. Approval of Implementation Plan 2026/27

    The implementation plan for 2026/27 was approved.

12. Appointment of a Registered auditor

    Die vergadering het die her-aanstelling van die firma Rodger Haumann as ouditeure goedgekeur.

13. Confirmation of Company Secretary

    Volgens die MOI (Memorandum of Incorporation) moet daar ‘n sekretaris buite die Direksie aangestel word. Gamsberg Nominees (Pty) Ltd is aangestel as sekretaris. Gamsberg Nominees (Pty) Ltd bestaan uit Pieter Venter van Proximal Accounting, die VCID se boekhouer, en ‘n prokureur met die naam van Lourez Swart.

DRAFT

14. Election of Board Members

In terme van die bepalings van die Akte van Oprigting, het die volgende lede bedank, maar het hulle self weer beskikbaar gestel:

- Casper Labuschagne
- William Walton

Dit is so voorgestel en deur die vergadering aanvaar dat hulle weer op die Direksie kan dien.

15. General

None

16. Q & A

Q1) Sommige inwoners wat die vergadering bygewoon het was redelik "omgekrap" oor die misdaad van die afgelope 3 maande en het verskeie kere die sprekers onderbreek. Onder andere is die volgende vrae gevra:

1. Waar was die sekuriteit?
2. Hoekom het die SJC Armed Response Offisier so lank geneem?

A1) Leon deel die vergadering mee dat daar vir 9 maande geen misdaad was nie en dat hierdie 3 insidente nou in die laaste 3 maande met dieselfde modus operandi plaasgevind het. Daar was egter 'n volledige verslag t.o.v. elke insident. Volgens inligting was ons oortuig dat die 1ste insident geteikend en dus geisoleerd was. Dalk het dit 'n "swakpunt" op De Bron uitgewys wat aanleidend tot die volgende 2 insidente was. Intussen het ons begin met kameras op De Bron.

1. Daar was wel 'n wag in die straat toe die alarm afgegaan het.
2. Die patrollievoertuig was redelik vinnig op die toneel.
3. Ons sal wel die tye nagaan.

Q2) 'n Inwoner vra

1. waar hulle die Ledelys (Membership list) kan sien?
2. en waarom almal nie lede is nie, almal betaal tog?

A2) Leon deel die vergadering mee dat

1. die Ledelys op die website beskikbaar is.
2. in terme van die "CID By-Law" en ook ons MOI, moet eienaars van eiendom in die CID area skriftelik aansoek doen om 'n lid te raak. Lidmaatskap is gratis en lede kan dan stem op ledevergaderings. Dit is egter belangrik dat lede wel die vergaderings bywoon, anders is daar nie 'n kworum nie en kan die vergadering nie voortgaan.

Q) 'n Inwoner wil weet, betaal ons as inwoners nie die munsipaliteit vir die skoonmaak van die area nie en kan die CID nie eerder die geld op sekuriteit spandeer nie.

A) Leon deel die vergadering mee dat ons as inwoners vir alle munisipale dienste betaal, ook vir die addisionele "skoonmaakfooi" wat nie noodwendig in ons area spandeer word nie. Die Stad

moet hulle deel doen, maar skoonmaak is bv. gebrekkig en is ons dus verplig tot meer as die "top-up" diens. Ons begroot dus vir skoonmaak en ook opgradering maar ons grootste fokus is steeds veiligheid en sekuriteit.

Q) 'n Inwoner wil weet of die CID 'n inwoner kan aanspreek as hulle tuin onnet is?

A) Leon deel die vergadering mee dat die CID dit nie kan doen nie, aangesien ons mandaat slegs t.o.v. publieke areas is. Ons kan wel 'n vriendelike brief aan die inwoner rig t.o.v. die klagte.

Q) 'n Inwoner noem dat bome op die voetpad by Wessel Lourens dam die voetpad oplig?

A) Leon deel die vergadering mee dat dit die Stad se verantwoordelikheid is. Dit is ook baie keer die Stad se eie trokke bv. ligte- en die brandweer wat die voetpad stukkend ry en ongelukkig is die proses van herstel soms baie lank weens 'n te kort aan begroting en die vakmanskap boonop swak. Die CID kan dit wel as deel van "top-up" uit eie fondse herstel. Ons het doelbewus geen herstelwerk of opgradering gedoen in afwagting dat die dam skoongemaak moet word nie, 'n proses wat jare geduur het. Nou dat dit klaar is sal ons stelselmatig met die opgradering begin.


17. <u>Adjournment</u>

The meeting adjourned at approximately 19h56.

Approved.



08-12-2025



_____	_____	_____
Voorsitter	Datum	Uitvoerende Beampte

DRAFT